# Grond



# Belangrikheid van grond

- Mense het grond nodig om te leef.
- Ons plant plante in grond om te eet.
- Ons bou ons huise en geboue op grond.



# Belangrikheid van grond


- Diere soos beeste en bokke eet gras wat in grond groei.
- Hase, molle, muise en sommige insekte bly onder die grond.



# Tipes grond

Daar is 3 tipes grond:

1. Sandgrond
2. Kleigrond
3. Leemgrond



# Kleigrond



By kleigrond kleef die grondeeltjies aan mekaar vas. Kleigrond hou water baie lank vas en daarom staan plante wat daarin



geplant is dan te lank in water en kan verrot.



# Leemgrond

Leemgrond is die beste grond om plante in te plant. Dit is 'n mengsel



van sandgrond en kleigrond en dit word nie te nat of te droog nie.



# Sandgrond

Plante groei nie goed in sandgrond nie. Dit word maklik deur die wind weggewaai. Dit is hard, droog en sanderig as jy daaraan vat.





Sand




Leem



Klei

# Bogrond



- Bogrond is die dun boonste laag grond.
- Dit kan maklik weggespoel of weggewaai word.
- Plante groei in die bogrond en keer dat die wind en reen die die grond vernietig.

# Gronderosie

As die bogrond deur water weggespoel word of deur wind weggewaai word, noem ons dit erosie





